SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 15 FEBRUARIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

As 'n proefneming om beter dekking te probeer verkry sal die bulletin ook op 10,130 MHz so gereëld as moontlik herlei word. Ontvangsrapporte oor die uitsending op hierdie frekwensie sal waardeer word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTELS

Dit is met leedwese dat ons die afsterwe van verskeie radioamateurs moet bekend maak.

Pierre Knobel, ZS2ABC, van Aston Baai, is op 27 Oktober verlede jaar oorlede. Pierre het vroeër jare ook die roepsein ZS6AUQ gehad toe hy nog op Klerksdorp gewoon het. Aan sy vrou Louise, kinders, ander familielede en vriende ons innige simpatie.

Sally Gordon, ZS6CDZ, het vroeg in Januarie 'n stil sleutel geword. Sy was welbekend in haar jonger jare oor die Burgerband en na sy haar ZS verwerf het, was sy baie aktief op die lug totdat haar gesondheid begin agteruitgaan het. Aan haar twee kinders, Andrea en Rudolf, ander familie en vriende ons innige neegevoel.

Malcolm Chapman, ZS1MC, is in die vroeë oggendure van 6 Februarie oorlede. Malcolm was 55 jaar oud en was 'n aktiewe lid van die Overberg Radioklub sowel as die SARL. Ons gebede vir hulle en innge meegevoel gaan aan Terry-Anne, sy eggenote, hul kinders, ander familie en vriende met hierdie groot verlies.

Steve Wright, ZS6CFO, is op Saterdag 7 Februarie na 'n lang stryd met kanker oorlede. Steve het onder baie moeilikke omstandighede in die jaar 2000 as voorsitter vir die Lichtenburg Amateurradioklub gedien. Hy sal onthou word vir sy gewilligheid om altyd beskikbaar te wees indien dit nodig was. Hy was die Brandweerhoof en paramedikus vir Lichtenburg. Ons innige simpatie gaan aan sy vrou, kinders, ander familie en vriende.

Albert le Roux, ZS6AXL, van Loch Vaal is op 13 Februarie in 1 Militêre hospitaal in Pretoria aan nierversaking op die ouderdom van 74 jaar oorlede. Albert was 'n stigterslid van die toentertydse Tak Noord-Transvaal en tot onlangs nog aktief op die amateurbande. Aan sy eggenote Hannie, familie en vriende betuig ons ons innige meegevoel.

(POUSE)

In die nuus vandag:

MEGAVLOOIMARK IN PRETORIA

SATELLIET ECHO SE LANSERINGSDATUM UITGESTEL

NASA SE “TERUG NA VLUG” SENDING

PRESIDENT SE NET

SAARDT-KOMPETISIE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

MEGAVLOOIMARK IN PRETORIA

Die Pretoria Amateurradioklub hou weer ’n Megavlooimark op Saterdag 28 Februarie. Die vlooimark sal soos gewoonlik op die Suid-Kampus van die Universiteit van Pretoria, op die hoek van Universiteit- en Lynwoodweg, gehou word en die aanvangstyd is 09:00.

Almal, klubs en persone wat nie aan klubs behoort nie, is welkom. Kom besoek gerus die Megavlooimark in Pretoria. Skakel Almero, ZR6RY, by (H)(012) 567 3722 of op 082 908 3359, indien u ’n tafel wil bespreek of meer besonderhede benodig.

SATELLIET ECHO SE LANSERINGSDATUM UITGESTEL

AMSAT-NA se President Robin Haighton, VE3FRH, het aangekondig dat weens ‘n vertraging in die aflewering van die primêre vrag vir lansering in Kazakhstan, die lansering van die ECHO-satelliet vir sowat drie maande uitgestel is. Haighton het gesê dat die ’offisiële’ lanseringsdatum nou 29 Junie 2004 is, en dat hy aanvaar dat die nuwe datum die begin van ’n nuwe lanseringsvenster is wat verskeie weke mag duur.

NASA SE “TERUG NA VLUG” SENDING

In NASA se program om die pendeltuig Atlantis weer in diens te kry, noem hulle die eerste beplande sending, STS 141, die “Terug na Vlug” sending. Hulle verwag dat dit nie voor 2005 sal plaasvind nie. Dit sal die eerste vlug wees nadat Columbia op 1 Februarie 2003 tydens terugkeer van ’n 16-daagse wetenskaplike sending tydens terugkeer gedisintegreer het. In die tragiese ongeluk het sewe ruimtevaarders, drie van hulle radioamateurs, hulle lewens verloor.

NASA het die name van die bemanning van die sewe bemanningslede van Atlantis aangekondig. Ses van hulle is radioamateurs. Die bevelvoerder is be Eileen Collins, KD5EDS. Collins, 'n veteraan van drie ruimtereise, het meer as 530 uur in die ruimte deurgebring. Die ander bemanningslede, waarvan ses radioamateurs is, is Loods James Kelly, KC5ZSW; Sendingspesialiste Charles Camarda, KC5ZSY; Wendy Lawrence, KC5KII; Soichi Noguchi, KD5TVP; Stephen Robinson, en Andy Thomas, KD5CHF/VK5MIR.

Gedurende die "Terug na Vlug" sending sal die bemanning nuwe prosedures vir vlugveiligheid en pendeltuiginspeksie- en -hersteltegnieke toets en evalueer.

Sarlnuus, en ons is seker al die radioamateurs rondom die wêreld vertrou dat die "Terug na Vlug" sending 100% suksesvol sal verloop.

SONAKTIWITEIT

Tad Cook, K7RA, van Seattle, Washington het gerapporteer dat die sonvloed- en sonvlekgetalle die afgelope week effens gestyg het en dat die gemiddelde planetêre A-indeks effens laer was. Ongelukkig is dit, tewens oor die lang tydperk, nie 'n tendens nie.

Oor die volgende aantal dae kan verwag word dat die sonvloedgetal rondom 110 sal bly en dan geleidelik na 100 afneem waar dit tot ongeveer 22 Februarie sal bly. Weens 'n koronale gat en sonwind sal geomagnetiese toestande ongestadig tot aktief wees.

Die vorige drie berigte is uit die ARRL-nuusbrief verkry.

SARL-PRESIDENT SE NET - OPROEP OM HULP

Die volgende President se Net sal oor twee weke op Sondag 29 Februarie aangebied word. In hierdie verband herinner ons graag luisteraars en deelnemers dat die Raad van die SARL graag die President se Net wil uitbrei om landswyd beter dekking te bied. Die Raad wil graag die net op 40, 30 en 20 m uitsaai en dit ook op soveel as moontlik 2 m-herhalers laat herlei. Dit is waar Jy van hulp kan wees. Mense word landwyd gesoek wat gewillig is om herleidings vanaf HF na BHF of UHF te doen. Dit sal 'n ZS-lisensiehouer moet wees en wat sal moet beskik oor 'n HF- en BHF- of UHF-sendontvanger wat gelyktydig op die lug kan wees.

Die Raad is dankbaar vir hulle wat reeds hulp aangebied het maar hoe meer persone kan help, soveel te beter.

Indien jy daarin belangstel om behulpsaam te wees, kontak asb. vir Peter Hers, ZS6PHD, op 083 445 4634 of per e-pos met adres zs6phd@mweb.co.za.

SA AMATEURRADIO-ONTWIKKELINGSTRUSTRUST SE ONTWERP-KOMPETISIE

In verband met die President se Net herinner ons ook almal aan die kompetisie geloods deur die SA Amateurradio-ontwikkelingstrustrust vir die ontwerp en konstruksie van 'n menger/beheereenheid. Die projek is in antwoord op 'n

versoek van die SARL vir 'n eenheid vir gebruik met verskeie programme soos die President se net en ander op die lug besprekings- en opleidingsprogramme. Die eenheid moet tipies die in- en uitsette van verskeie send/ontvangers, 'n mikrofoon, 'n bandopnemer en ander oudioapparaat verbind.

Om deel te neem moet u by die SA Amateurradio-ontwikkelingstrust registreer deur u kontakbesonderhede per e-pos te stuur aan saardt@intekom.co.za of dit te faks aan 012 991 5651. U sal 'n spesifikasiedokument ontvang waarin die vereistes uiteengesit word. Die sluitingsdatum vir die ontwerpfase is 29 Februarie 2004.

AKTIWITEITE OM AAN DEEL TE NEEM

28 Februarie - Die Megavlooimark van die Pretoria Amateurradioklub op die reeds welbekende terrein; 29 Februarie - Die President se net; en dieselfde dag is dit ook die sluitingsdatum vir die SAARDT se ontwerpkompetisie.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX